



**LIFE  
CHRISTIAN  
FOUNDATION**

LCF CHURCH & OFFICE  
141 Rossini Blvd  
Vanderbijlpark



TEL: +27 16 931 1239  
CELL: +27 79 430 8845



WEB  
[www.lifecf.org](http://www.lifecf.org)



## LCF GEMEENTE GELOOFSVERKLARING:

### LCF GLO:

Dat die Ou en Nuwe Testament (in hulle oorspronklike skrywe) ten volle deur God geïnspireer is, en ons aanvaar dit as die opper en finale gesag van ons geloofslewe.

In een God, wat tot in ewigheid as drie Persone bestaan – die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Dat Jesus Christus gestuur is deur die Vader, uit die maagd Maria gebore is, en waarlik God is en waarlik mens was.

Dat God die mens geskape het na sy eie beeld. Dat die mens gesondig het en daarom die straf van die sonde verdien, wat 'n fisiese en geestelike dood is, wat alle mense geërf het a.g.v. ons sondige natuur.

Dat die Here Jesus Christus gesterf het vir die sondes van die mensdom, en as 'n lewende offer opgetree het. Ons glo dat almal wat in Hom glo, geregverdig is op grond van Sy bloed.

In die liggaamlike opstanding van die Here Jesus Christus, Sy opvaar na die Hemel, en Sy teenwoordigheid as Hoë Priester en Advokaat in ons lewe.

In die persoonlike terugkoms van die Here Jesus Christus.

Dat almal wat hulle sondes bely en die Here Jesus Christus aanneem as persoonlike Verlosser, deur geloof weer gebore word uit die Heilige Gees. Sodoende word jy 'n kind van God. Geloof in die Here Jesus (en nie ons werke nie), red ons. Na wedergeboorte is 'n lewenslange wandel van gehoorsaamheid nodig, waar ons deur die woord van God en Heilige Gees se teenwoordigheid meer en meer getransformeer word na die beeld van die Seun van God. 'n Veranderde lewe is die vrug van ware wedergeboorte.

In die teenwoordigheid van Heilige Gees in ons asook die doop met die Heilige Gees. Dat Hy gelowiges bemagtig en toerus vir dienswerk met die vrug en gawes van die Gees, asook geërdineerde bedieninge (Apostels, Profete, Evangeliste, Herders en Leraars).

In die opstanding van beide die geregdigdes en die ongeregdigdes. Ons glo aan die ewige lewe in die hemel vir die wat gered is, en die ewige verdoemenis in die hel vir die wat Sy verlossing van die hand gewys het.

Dat die kerk die liggaam van Christus is en bestaan uit dié wat deur Jesus Christus gered is. God het gekies om met Sy kinders hande te vat om Sy Koninkryksmissie in hierdie wêreld te vervul. As 'n gemeenskap van gelowiges het ons dus 'n verantwoordelijkheid om binne die raamwerk van 'n intieme verhouding met Hom leef. Om bidders te wees en die mandaat uit te leef om aktiewe vissers van mense te wees.

Dat ouderlinge die verantwoordelijkheid het om toesig en geestelike leiding te verskaf aan die liggaam van Christus (asook Bybelse dissipline waar nodig). 'n Ouderling is 'n volwasse, nederige, stabiele en passievolle diensbare leier wat 'n heilige en gasvrye lewe liefhet, en opstaan vir die waarheid en Christelike waardes.

In die krag van gebed en aanbidding. Daarsonder kan ons nie as gelowiges of kerk 'n impak in die wêreld hê nie. Deur gebed en aanbidding verklaar ons ons afhanklikheid van God in die werk van Sy Koninkryk.

Dat die Here Jesus Christus onder andere twee ordinansies ingestel het nl. die doop met water en die nagmaal. Beide word simbolies gesien as 'n daad van gehoorsaamheid. Albei dien as kardinale feite van die Christelike geloof.

In die skeppingsbeginsel van heteroseksuele verhoudings tussen 'n natuurlike man en 'n natuurlike vrou binne die grense van 'n wettige huwelik.

LCF is oop vir enige verdere waarheid wat die Heilige Gees mag uitlig uit die Skrif.